



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

NOTA AAN NASIENERS/ONDERWYSERS

- In die voorbeelde van moontlike antwoorde, is daar baie meer inligting verskaf as 'n bron vir onderwysers en nasieners, as wat van die kandidate verwag word.
- Kolpunte ('Bullets') is in die memo gebruik om nasien te vergemaklik.
- Verwys na die **vermoënsvlakke** in die 'Fokusvraag'-tabel onder elke vraag om die hoë, medium en lae kognitiewe vlakke, wat in die antwoord verwag word, te bepaal.
- Nasieners moet nie kandidate vir verkeerde gebruik van grammatika of spelling penaliseer nie. Solank die kandidaat se antwoord duidelik en verstaanbaar is en aan die nasienkriteria (bv. die benoeming van spiere) voldoen. **Hulle mag egter nie volpunte vir opstel-/paragraaftipe vrae kry as daar grammatika- en spel-foute is en die antwoord nie in die regte formaat geskryf is nie of nie die vraag betekenisvol beantwoord nie.**
- In baie van die kwalitatiewe vrae, waar volledige verduidelikings vereis word, is een regmerkie nie altyd aan een punt gelyk nie. Halwe punte kan toegeken word.
- **Vermý die toekenning van volpunte waar die antwoord oppervlakkig en minimaal is.** Hierdie eksamen is die hoogtepunt van 'n 3 jaar-opleidingsperiode, van graad 10 tot 12, en die vlak van strengheid wat vereis word, is dieselfde as vir ander matriekvakke.
- Waar kandidate agterlosige foute gemaak het, bv. nommering, moet hulle met 10% gepenaliseer word, maar die nasiener en moderator besluit of die kandidaat die betrokke vraag korrek beantwoord het.
- Soek na dit wat die kandidaat weet, nie wat hy/sy nie weet nie.

AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

VRAAG 1

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Dansloopbane	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis, analise	√		√		5		

NOTA AAN NASIENERS

Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word.

NASIENKRITERIA

- Ken 1 punt toe vir opleiding.
- Ken 2 punte toe vir posbeskrywing.
- Ken 2 punte toe vir vaardighede en vermoëns.

[5]

EEN VOORBEELD VAN 'N MOONTLIKE ANTWOORD:

Kolpunte ('Bullets') word gebruik om nasien te vergemaklik.

Loopbaan: Dansonderwyser

1.1 Posbeskrywing:

- Werk met kinders/volwassenes
- Skep bewegings en oefeninge
- Organiseer, trek roosters op, dansopvoerings, ens.
- Kommunikeer idees, vaardighede en kennis
- Beplan, bied klasse aan en assessee leerders
- Motiveer en inspireer
- Dissiplineer leerders
- Wisselwerking en gee terugvoer aan leerders, ouers en skool

(1)

1.2 Opleiding:

- Kwalifiseer by 'n geregisteerde dansvereniging
- Universiteitsdiploma of graad

(2)

1.3 Vaardighede en vermoëns:

- Geduld en uithouvermoë
- 'n Liefde om mense te leer/op te lei
- Goeie beplanning/bestuursvermoëns/organisatoriese vermoëns
- Vermoë om te assessee/beoordeel/evalueer
- Kreatiwiteit

(2)

[5]

VRAAG 2

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Geskiedenis/Beginsels van dans	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Oorsprong/Geskiedenis: 2.2 Beginsels: 2.3 Toepassing		√	√			10	

NOTA AAN NASIENERS

Baie moontlike antwoorde kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word.

KRITERIA VIR NASIEN:

2.1	Geen punt toegeken vir die naam van die dansvorm nie.	
2.2	Ken 5 punte toe as die kandidaat die volgende in detail kan verduidelik: - Een punt vir die oorsprong van die hoofdansstyl (1) - Vier punte vir die historiese agtergrond van die hoofdansstyl (4)	
2.3	Ken 5 punte toe as die kandidaat enige 5 relevante beginsels van die hoofdansstyl verduidelik het. (5)	[10]

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**VOORBEELD EEN:****2.1 BALLET****2.2 Oorsprong:**

- Catherina (Catherine) de Medici van Italië het die hofballette, soos dit genoem is, na die Franse hof gebring toe sy in 1533 met Hendrik (Henry) , die Hertog van Orleans, seun van die Franse koning, getroud is. (1)

Geskiedenis:

- In 1661 het koning Lodewyk (Louis) XIV (die Sonkoning) die Royal Academy of Dance in Parys gestig om standarde vir die perfeksie van die danskuns daar te stel. Dansonderwysers en professionele dansers is opgelei en die passies en bewegings van die hof en karakterdanse is gekodifiseer.
- In die 18de eeu (1700–1800) is ballet van die howe na die teater verskuif. In die eerste gedeelte van die eeu het ballet op mitologiese temas en karakters gefokus; in die tweede gedeelte het dit op meer menslike temas en karakters gefokus en beide dans en pantomime gebruik om die onderskeie stories te vertel.
- Teen die 19de eeu (1800–1900) het ballet 'n gevestigde teatervorm geword wat regoor Europa versprei het.

- In die Romantiese tydperk, met die drang na dinge wat verbeeldingryk en bonatuurlik is, het vroulike dansers op die punte van hulle tone begin dans, 'n gebruik wat tot vandag deur vroulike balletdansers gevolg word.
- In die tweede helfte van die eeu het die gewildheid van ballet in Europa afgeneem maar 'n weg gebaan na Tsaristiese Rusland waar, teen die einde van die eeu, vollengte storieballette in die Tsaristiese klassieke styl opgevoer is.
- Kort daarna is die Diaghilev Ballets Russes (Russiese Ballet) gebore. Dit was hierdie groep wat ballet in 'n deurslaggewende moderne kuns getransformeer het wat die werke van die leidende komponiste, ontwerpers en visuele kunstenaars van daardie tyd gebruik het.
- Die Ballets Russes was instrumentaal in die ontwikkeling van klassieke ballet as die globale dansvorm wat ons vandag ken. Die invloed van die Ballets Russes op Brittanje het in die Britse Statebondlande weerklank gevind, waaronder natuurlik Suid-Afrika.
- Die Ballets Russes het ons die eenbedryf-ballet gegee, die abstrakte ballet, die psigologiese ballet en ballette met kontemporêre temas. Sedertdien het ons die beperkinge van ballettegniek en styl uitermatig verbreed, die lyne uitgebrei, die liggaam verder en verder gedruk, die verontagsaming van swaartekrag met asemrowende spronge en draaie in die lug vergroot, en ook die oënskynlike moeiteloosheid van balletbeweging wat die uiterste beheer wat nodig is om dit te vermag, verbloem. Deesdae kan ballet so uniek wees soos elke choreograaf se individuele standpunt.

(4)

2.3 **Beginnels van Klassieke Ballet**

Staanhouding: Die bolyf goed gehou en ondersteun met die hoofbewegings wat in die arms en bene plaasvind.

Uitdraai: Uitwaartse rotasie van die bene in die heupe, noodsaaklik vir klassieke ballettegniek.

Plasing: Rangskik kop, ruggraat en ledemate in lyn met mekaar om 'n geordende, gebalanseerde vorm te behaal.

Balanseerwette: Teenbalansering van ledemate om ekwilibrium te handhaaf (gelyke gewig rondom sentrale punt).

Basiese reëls van die kop, bene, arms en liggaam.

Gewigsverplasing: Verander gewig van een liggaamsdeel na die volgende.

Koördinasie: Bring dele van die liggaam in behoorlike verhouding met mekaar.

Swaartekrag: Ballet daag swaartekrag uit.

Puntwerk: Dit word deur vrouens opgevoer en verg uitgebreide opleiding om dansers in staat te stel om op hulle tone te dans.

(5)

2.1 **VOORBEELD TWEE:** **KONTEMPORÊRE DANS**

2.2 **Oorsprong:**

- Aan die begin van die 20ste eeu het 'n alternatiewe dansvorm na vore getree as antwoord op die gestruktureerde formules van klassieke ballet.
- Die Amerikaner, Isadora Duncan, kaalbeen in haar vloeiende Griekse kleed, het persoonlike interpretasies van die musiek van die groot komponiste aangebied as een van die eerste beoefenaars. Sy het uitgebreid getoer, hoofsaaklik in Europa en Rusland en later in Amerika, dus het hierdie opkomende vorm wye dekking geniet.

(1)

Geskiedenis:

- Moderne dans, ook bekend as kontemporêre dans, kan die beste beskryf word as die aanhoudende en voortdurende soeke na nuwe maniere om dans uit te druk.
- Moderne dans het drie goed gedefinieerde ontwikkelingstydperke. Die eerste een was baanbrekerswerk en eksperimentering wat die filosofieë en estetika van moderne dans neergelê het.
- Die leidende figure van hierdie tydperk was Martha Graham, Doris Humphrey en Charles Weidman, wat almal by St. Denis en Shawn studeer het. Belangrike bydraers was Lester Horton en Katherine Dunham, wat kulturele en etniese dansvorme bestudeer het en dit by hulle choreografieë ingesluit het, net soos Pearl Primus. Dunham en Primus is albei as antropoloë opgelei.
- In die tweede tydperk is modernedans-geselskappe en -skole gevestig en verskeie tegnieke is ontwikkel. Hieruit het die tweede golf skerp innoveerders gekom, José Limon, Alwin Nikolais en Merce Cunningham, met op hulle hakke, Paul Taylor en Alvin Ailey.
- Die derde tydperk, wat die kulturele onstuimigheid van die laat 60's en vroeë 70's reflekteer, het gebreek met gevestigde modernedans-konvensies. In New York het die Judson Dance Theatre die weg gebaan. Die uitdruk van politieke en sosiale idees het belangrik geword, gemengdemedia-samewerking, uitvoerendekunste-'gebeure' en verskillende omgewings vir dansopvoerings het die gevestigde modernedans-estetika verander. Innoveerders uit hierdie tydperk sluit in Yvonne Rainer, Steve Paxton, Meredith Monk, Lucinda Childs, Trisha Brown en Twyla Tharp. In Wuppertal, Duitsland, het Pina Bausch eenderse idees ondersoek.
- Hierdie individue het gevind dat hulle nuwe beweging nodig gehad het om hulle idees uit te druk. Die meeste pioniers van kontemporêre dans wou werklike emosie uitdruk en werklike lewenskwessies aanpak d.m.v. beweging. Hulle het die bestaande dansvorme beperkend gevind.
- Soos wat elke individu 'n nuwe style of tegniek gevestig het, het sy/haar studente weggebreek en iets nuuts geskep, en so het dit aangegaan.

(4)

2.3 Beginsels van kontemporêre dans

Die beginsels hieronder is onderling verbind en werk saam.

- **Sentreering:** Dansers moet hulle middelpunt (solar plexus) vind. Beweging moet vanaf die middelpunt beheer word en 'n sterk middelpunt laat vryheid van beweging van uiterste ledemate toe: die arms, bene, kop en nek. Dit help ook met balans.
- **Inlynstelling:** Postuur/Houding het met inlynstelling te doen, wat die plasing van alle dele van die liggaam in verhouding tot die ander is.
- **Swaartekrag:** Is 'die krag wat jou op die aarde hou', en word op groot skaal in kontemporêre dans gebruik – val saam met swaartekrag, swewing, vloerwerk, ens. asook om swaartekrag teen te staan in werk wat in die lug gedoen word.
- **Asemhaling:** Asemhaling is 'n uitdrukkingsvolle hulpmiddel, bv. beweeg met 'n sin van asemhaling gee 'n gevoel van vryheid en harmonie.

- **Saamtrek en ontspan:** Martha Graham het op die fisiologiese effekte van die asemhalingsaksie gefokus – die eb en vloeï van asemhaling en die effek daarvan op die bolyf soos wat dit saamtrek en ontspan en die funksie van sametrekking en ontspanning in die spiere.
- **Val en herstel:** Die beginsel van val en herstel kombineer asemhaling, sweef en die gebruik van swaartekrag. 'Val' is die volkome ontspan van spiere soos die liggaam aan swaartekrag toegee. 'Herstel' is die terugspring van energie wat deur die onderkant van die val vloeï en op dieselfde pad voortgaan, soos 'n pendulum swaai.
- **Sweef/Suspensie:** Dit is 'n verlengde hoogtepunt. Dit word geskep by die hoogtepunt van die beweging deur met die beweging deur te beweeg en die oortone van swaartekragte vertraag.
- **Balans en van balans af:** Innerlike balans hang af van 'n bewustheid van gewig en druk. Om regop te kan staan, moet ons ons gewig oor ons voete hê, anders sal swaartekrag ons laat omval. Die deel van die liggaam waar die gewig gesentreer is, word die swaartepunt genoem wat binne die liggaam op heuphoogte is (die pelvis). Wanneer die pelvis verplaas word, sal die liggaam van balans af raak, soos wanneer jy vooroor val of in 'n val en herstel. Gebruik bewegings wat van balans af is, om 'n gevoel van dringendheid, lewenskragtigheid of gevaar te skep.
- **Sametrekking en ontspanning:** Spiere trek saam en ontspan sodat ons kan staan en beweeg. Sametrekking en ontspanning druk ook uit hoe ons voel. Alle beweging bestaan tussen die twee teenoorgestelde pole, absolute sametrekking/spanning – so gespanne dat jy nie kan beweeg nie – tot absolute ontspanning – so ontspanne dat jy nie kan beweeg nie.
- **Teenstand:** Impliseer twee dinge wat teen mekaar inwerk of in die teenoorgestelde rigting.
- **Opvolging:** Is die teenoorgestelde van teenstand. Dit is 'n opvolgende/voortvloeiende bewegingspad deur dele van die liggaam – 'n golfagtige reaksie, d.i. liggaamsdele gaan in dieselfde rigting eerder as in verskillende rigtings of bewegings, een na die ander.
- **Spiraal:** Dit is die draai van die liggaam op sy as (om die ruggraat). Dit word vir balans, beheer en draai gebruik.
- **Swaai en momentum:** Swaai bewegings, soos 'n pendulum, hang af van die swaartekrag. Die afswaai gee vir swaartekrag in, maar die momentum wat dit bykry soos wat dit val, laat dit weer swaai. Daar is 'n oomblik van suspensie aan die einde van die swaai voordat swaartekrag dit weer laat val.

(5)
[10]

VRAAG 3

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Internasionale of Suid-Afrikaanse danswerk							
Sinopsis/tema: 3.2 kennis			√		5		
Dansskat: 3.3 Evaluering Musiek/Bydrae: 3.4 Analise/Evaluering			√		7	2	2
Produksie-elemente/Simboliek: 3.3			√		4	4	

NOTA AAN NASIENERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens.

KRITERIA VIR NASIEN:

3.1	Noem uit voorgeskrewe lys – geen punt toegeken. As geen naam gegee word nie, gebruik jou professionele oordeel om te besluit of die danswerk herkenbaar is.	
3.2	Ken 5 punte toe as die kandidaat duidelik die sinopsis/storie/tema van die danswerk kan beskryf.	(5)
3.3	Ken 3 punte toe as die kandidaat die styl/genre en bewegings wat in hierdie danswerk gebruik, kan identifiseer.	(3)
	Ken 4 punte toe as die kandidaat spesifieke voorbeelde kan gee om sy/haar stellings oor die danswerk te ondersteun.	(4)
3.4	Ken 2 punte toe as die kandidaat die tipe begeleiding/genre/styl/groep/ musikante ens. gebruik, kan noem.	(2)
	Ken 2 punte toe as die kandidaat kan beskryf hoe die musiek die danswerk versterk.	(2)
3.5	Ken 4 punte toe as die kandidaat duidelik die spesifieke produksie-elemente wat in die danswerk gebruik word, kan beskryf.	(4)
	Ken 4 punte toe as die kandidaat die simboliek wat in die spesifieke produksie-elemente gebruik is, kan beskryf.	(4)
		[24]

VOORBEELD VAN EEN MOONTLIKE ANTWOORD:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

3.1 ROOSTER – CHRISTOPHER BRUCE

- 3.2
- In *Rooster* choreografeer Bruce 'n nostalgiese, maar satiriese begrip van 10 jong mense wat gedompel is in geslagsoorloë/-gevegte en die loutere uitspattigheid van Londen se byderwetse Carnaby Street.
 - *Rooster* is getoonset op agt 1960's-treffers deur die Rolling Stones. Soos Bruce gesê het: 'Om na baie jare weer daarna te luister, het ek gevind dat die element wat my opgeval het die chauvinisme van die man was, dat dit meesal uit 'n manlike oogpunt van die 60's was. Ek het daardie redelik aaklige houding teenoor vroue saam met die bewegingsidees oor 'n spogtende haan met mooi vere gesit,' daarom die titel, *Rooster*.
 - Bruce bevraagteken die verhouding tussen die geslagte in die 'grand' era van rock.
 - Die mans in hierdie ballet lyk inderdaad na geïrriteerde selfgeabsorbeerde hoenders, beperk deur kunsmatige kontemporêre konsepte van manlikheid. Die vroue speel hulle rolle – go-go-danseres, raseleidster, seksvoorwerp – vir 'n rukkie, maar het oor die algemeen die laaste woord.
 - Dit kon ook 'Ou ontmoet meisie' of 'Die nagklub' of 'The mating game' genoem gewees het. Dit verwys na die hoofbewegingsbron van *Rooster*, naamlik die danse en gepaardgaande gedrag deur mans en vroue toe hulle mekaar in sestigerklubs, -kroeë en -partytjies ontmoet het.
 - Dit simboliseer seks- en geslagskwessies met verwysing na die rolle wat aan mans en vroue gegee word, die uitbeelding van manlik en vroulike beelde, die vaskleef aan stereotipiese norme wat dalk in beide die vroeë 60's en 90's (toe dit gepremiere het) tot vandag toe, gegeld het.
 - Bruce gebruik patrone wat in hofdanse gevorm is, saam met popdansbewegings om 'n partytjietoneel te simboliseer.

(5)

- 3.3
- *Rooster* is vir 10 dansers gekomponeer — vyf mans en vyf vrouens. Dit ondersoek die verhoudings tussen mans en vrouens en, in besonder, die 'seksuele oorlog'.
 - 'Daar is 'n titseltjie van die sosiale danse wat daardie tyd gedans is.' Bruce sê: 'As jy fyn kyk, sal jy passies sien wat daardie tyd in die diskoteke van byderwetse Londen gedans is.'
 - Bruce se dansskat sluit nie net klassieke ballet en Graham/Tetley-invloede in nie, maar ook volksdanspassies en populêre danspassies.
 - Die sleutel tot die stuk is *Little Red Rooster*, vanwaar — as jy na die lirieke luister — jy 'n soort arrogante, manlike chauvinistiese gevoel kry wat 'n tipe oorlog tussen die geslagte op 'n baie lighartige wyse is. Die herhalende bewegingsmotiewe van die stap van die haan — 'n reguitbeen-, vooroor, bekruip-stappie, veeleisende vertonerige voetwerk, die skerp vorentoe en agtertoe ruk van die kop, en natuurlik selfbewuste optooiery – baadiemoue wat reggetrek word, das wat reggetrek word, hare wat plat gevryf word, pluïes en skilfers wat van die skouers afgestof word.

- Net soos in die dierewêreld is dit mans wat hulleself die meeste oorgee aan ydelheid. Die plaaswerfmetafoor is met *The Little Red Rooster* gevestig. *Lady Jane*, in kontras, is 'n draakstekery met Engelse popballades, vol swierige buigings en soene op die hande wat in wellustige liefkosings verander en snydende verwerping van vroue inspireer – die vroue in hierdie ballet speel tipies saam met die mans vir 'n rukkie, voordat hulle hok geslaan word (partykeer word hulle letterlik geklap) in nommers soos *Not Fade Away*, *Paint it Black* en *Play With Fire*. maar die mans is veerkragtig – hulle trek hulle dasse reg, stof hulle skouers af en stap windmakerig na die volgende (vermoedelik aanbiddende) blondine.
- Een van die hoogtepunte is *As Tears Go By*. Hier sien ons 'n groep kinders wat in die straat speel. Die seuns is rof met mekaar en terg die meisies wat nie veel aandag aan hulle gee nie want hulle is te besig om 'n klein indringer uit hulle 'mean-girl'-klike uit te sluit.
- Die ballet eindig met *Sympathy for the Devil*, wat die bewegingsmotiewe van die vroeëre dele saamtrek. Natuurlik is daar 'n pronkende, flambojante Mick Jagger-invalleer wat die ballet afsluit soos wat dit open – in stilte, hy doen die lomp hoenderstappie, skerp draai na die gehoor toe, stof homself af en ruk sy kop na die gehoor toe in instinktiewe aggressie.'
- 'n Gevoel van welwillendheid word feitlik deurlopend deur *Rooster* ervaar, dit trek uit die kenmerke van die dansstyle van Europese howe in die laat 1500's tot die vroeë 1700's. Die Rolling Stones, Beatles en ander popgroepe het met die dra van lang, vloeiende fluweelklede, ontleen aan hofdanse, geëksperimenteer, en 'n bestudeerde elegansie in die kleres was een van die stempels van sestiger-modes.
- Dit is duidelik uit die titel dat hulle, hane en hul gewoontes Bruce 'n oorvloed bewegingsmateriaal gegee het waarmee hy kon geëksperimenteer.
- Bruce word geweldig deur die mens(heid) geïnspireer en sluit doelbewus sosiale kwessies in sy stukke in. Dit is ook deel van sy choreografiese styl om deur die gebruik van geskiedkundige verwysings en oordenking dit in 'n konteks te plaas wat sy teenswoordige gehoor sal interesseer en betrek.
- Hy erken dat ballet 'n belangrike deel van dans is, maar probeer om die skanse tussen kontemporêre dans en ballet in sy choreografie afbreek.
- Daar is sterk gebruik van die vloer asook kontakwerk, pragtige opligting (*pas de deux*), definitiewe balletbewegings asook 'n sterk sosiale danselement. Daar is 'n hegte verband tussen beweging en musiek, wat mekaar komplimenteer in die skep van atmosfeer en emosie. Geslagsverwagtinge word regdeur die stuk met behulp van motiefontwikkeling gedra.

(7)

3.4 **Die Rolling Stones:** *Little Red Rooster*, *Lady Jane*, *Not Fade Away*, *As Tears Go By*, *Paint it Black*, *Ruby Tuesday*, *Play with Fire*, *Sympathy for the Devil*.

- Die agt Rolling Stones-liedjies wat deur Bruce vir *Rooster* gekies is, het 'n vrugbare bron van idees verskaf. Bruce gebruik die woorde mimeties in die beweging om bedoeling/voorneme te kommunikeer, bv. die hoofpols wat saam 'I am the little red rooster' gaan en die herhaalde arm-hand-gebaar saam 'don't play with me 'cos you play with fire' in die snit *Play with Fire*.

- Bruce gebruik ook emosionele konnotasies van die instrumentasie wat saam die klavesimbel, fluit en polsende tromme gaan, bv. die hofelegansie van die vloerpatrone en buigings wat saam klavesimbel gaan.
- Die verband tussen dans en die musiek en die wyse waarop die dans volg, word daardeur geleidelik en boots die musiek na.
- Die laaste stuk, *Playing with Fire*, kombineer bewegingsegmente met elke liedjie om op te som en met sy onderliggende tema te vergelyk.

(4)

3.5

Kostuumontwerp:

- Marion Bruce – kostuumontwerper
- Beide mans- en vrouekostuums is baie simbolies van die tydperk. Mans dra stywe swart broeke, helderleurige fluweelbaadjies, kleurvolle hemde met botsende dasse wat jou laat dink aan Mick Jagger se sogenaamde 'dandy'-tydperk.
- Die vroulike dansers dra identiese moulose swart bostukke en swart en rooi rompe, swart minislooprokke, swart kouse en swart jazzskoene.
- Hulle gebruik rooi vere-boa's en serpe.
- *Ruby Tuesday* lyk asof sy buite die spel is, 'n onafhanklike blommekind wat in 'n vloeiende rooi rok geklee is.
- Kleure word regdeur Bruce se werk gebruik om die atmosfeer en sekere emosies op te wek of as simbolies van 'n persoon se emosionele toestand of posisie.
- Die gebruik van die kleure rooi en swart wek gemoedstemming, gevoel en betekenis en simboliseer idees, bv. die positiewe ingesteldhede van lewe, liefde, passie, warmte en mag, en die negatiewe ingesteldhede van woede, haat, dood en verwoesting.

Stelontwerp:

'n Verhoog met geen dekor. Die oorhoofse gevoel van die dans is 'n Saterdagavond uit by 'n klub of partytjie.

Beligting:

Ontwerp deur Tina Mac Hugh. Word gebruik om die atmosfeer in elke liedjie te skep deur die siklorama agter op die verhoog in verskillende skakerings van blou en rooi te verander.

(8)
[24]

VRAAG 4

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Internasionale choreograaf	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Plek en jaar gebore: 4.2 Herroep			√		1		
Opleiding/Agtergrond/Invloed op danswerk: 4.3			√			8	
Stilistiese kenmerke van choreografie: 4.4 Bydrae tot dans: 4.5 Evaluering	√		√				3 4

NOTA AAN NASIENERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens.

KRITERIA VIR NASIEN:

4.1	Noem uit voorgeskrewe lys – geen puntetoekenning	
4.2	Ken 1 punt toe as die kandidaat die geboorteplek gee.	(1)
4.3	Ken 2 punte toe as die kandidaat 'n duidelike begrip van die choreograaf se agtergrond toon.	(2)
	Ken 3 punte toe as die kandidaat 'n duidelike begrip van die choreograaf se opleiding toon.	(3)
	Ken 3 punte toe as die kandidaat 'n duidelike begrip van die choreograaf se loopbaan toon.	(3)
4.4	Ken 3 punte toe as die kandidaat die spesifieke stilistiese kenmerke van sy/haar werk kan identifiseer.	(3)
4.5	Ken 4 punte toe as die kandidaat spesifieke voorbeelde van die choreograaf se bydrae tot dans/gemeenskap kan gee.	(4)
		[16]

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

4.1 **Alvin Ailey**

4.2 In Texas, VSA gebore.

(1)

4.3 **Agtergrond**

- Ailey het diepgewortelde herinneringe van die swart Amerikaanse kultuur en segregasie gehad, veral van sy kindertyd.
- Hy het in 'n godsdienstige gemeenskap, wat trots op hulle godsdiens was, grootgeword.
- Hy is grootgemaak in 'n arm gemeenskap waar daar geen werklike geleentheid vir loopbane en ordentlike onderwys was nie.
- Ailey was 'n atletiese en kreatiewe persoon wat in gimnastiek begin belang stel het toe hy in Los Angeles op skool was.
- Hy is deur sy gimnastiekonderwyser aan moderne dans bekendgestel.

Opleiding

- Ailey is as 'n atleet opgelei voordat hy 'n danser geword het, wat 'n sterk invloed op sy danswerk en choreografie gehad het.
- Ailey het met dansklasse by Katherine Dunham begin en later by die Lester Horton School klas se geneem aangesien dit een van die min plekke was wat swart dansers in die ateljee verwelkom het.
- Ailey het toe na New York gereis waar hy onder Martha Graham studeer het.

Loopbaan

- Ailey het sy debuut as 'n danser vir die Horton Company gemaak.
- Ailey het as direkteur vir Horton's Dance Company oorgevat na Horton se dood.
- Ailey het op en van Broadway af opgetree, ook in films, en het as 'n danser, choreograaf, akteur en regisseur gewerk.
- Ailey het sy eie dansgeselskap gestig, bekend as die Alvin Ailey American Dance Theatre, wat 'n repertoriumgeselskap was wat dikwels die werk van baie verskillende kunstenaars vertoon het, ongeag hulle ras.
- Ailey het suksesvolle danswerke gechoreografeer wat in Europa, Australië en Afrika getoer het, soos *Revelations*.
- Ailey het saam mense soos Hugh Masekela gewerk toe hy *Masekela's Language* geskep het.
- Hy het ook 'n solo geskep, wat *Cry* genoem is, wat aan sy moeder op haar verjaarsdag opgedra is.
- Hy het meer as 50 danswerke vir sy geselskap geskep en nog baie meer vir ander geselskappe in sy loopbaan.

(8)

- 4.4 Beïnvloed deur sy Dunham, Horton en Graham-opleiding, het Ailey 'n baie herkenbare kontemporêre-Afro-jazz-gospel-style ontwikkel. Hy het baie vloerwerk, golfbewegings van die bolyf en arms en kragtige, emotiewe beweging gebruik. Sy choreografie was vermaaklik en toeganklik. Hy was bekend vir sy pragtige dansers, mooi aangetrek, wat pragtige bewegings maak. Sy choreografie was persoonlik, organies, akrobaties en sterk gewortel in sy agtergrond en sy geloof. Sy formasies van groot groepe dansers op die verhoog het groot toejuiging ontvang.

(3)

- 4.5
- Ailey het daarin geslaag om die gaping tussen kontemporêre dans en die algemene publiek in die Verenigde State te oorbrug; hy het gevoel dat dans toeganklik moet wees vir gewone mense, soos sy tantes en ooms wat nooit baie geleenthede gehad het a.g.v. segregasie in Amerika.
 - Hy het self uit 'n arm agtergrond gekom en wou geleenthede skep vir almal wat lief was vir dans en nie toegang tot behoorlike dansopleiding gehad het nie.
 - Hy het 'n dansgeselskap gevorm wat uiteindelik 'n veelrassige refleksie van die Amerikaanse kuns gebied het.
 - Hy het ook populêre dansstyle en die ondervindings en die gelowe van swart mense met groot teatrale vaardigheid saamgevoeg.
 - Hy het daarin geslaag om mense uit verskillende agtergronde saam te bring en dans vir almal toeganklik te maak.

(4)
[16]

VRAAG 5

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Inheemse dans	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Kulturele groep: 5.2 Kennis			√	√	1		
Tema/Doel: 5.3 Analise			√	√		3	
Rituele elemente: 5.4 Dansbedryf: 5.5 Oordink/Refleksie:	√		√	√			9 2

NOTA AAN NASIENERS:

Gebruik professionele oordeel wanneer die kwaliteit van die kandidate se antwoorde geassesseer word. Kandidate het dalk meer inligting in een afdeling as in 'n ander gegee. Evalueer die hele antwoord om te assesser wat die kandidaat weet en gee punte daarvolgens.

KRITERIA VIR NASIEN:

5.1	Noem die dans.	(1)
5.2	Ken 1 punt toe as die kandidaat die kulturele groep/stam wat die dans opvoer, kan noem.	(1)
5.3	Ken 3 punte toe as die kandidaat die rede/doel van die opvoering van die dans, duidelik kan beskryf.	(2)
5.4	Moet nie meer as die eerste drie antwoorde wat gegee word, nasien nie. Ken 3 punte per antwoord toe as die kandidaat die element wat in die spesifieke dans of die simboliese betekenis daarvan of beide duidelik beskryf het.	(9)
5.5	Ken 2 punte toe as die kandidaat 'n ondersteunde mening of twee verskillende feite kan gee.	(2)

[15]

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

- 5.1 **SAN-BESWYMINGSDANS** (1)
- 5.2 Opgevoer deur die KoiSan-groep, algemeen bekend as Boesmans. (1)
- 5.3
- Die belangrikste rede is om in staat te wees om siekes weer gesond te maak.
 - Beswymingsdanse word opgevoer om in aanraking te kom met die Shaman (die geestelike wese)
 - Om die weer te kan voorspel
 - Om goeie jag te bevorder
 - Om die bose geeste wat siektes/leed na die gemeenskap bring, uit te dryf.
 - Die menslike begeerte om die bonatuurlike by hulle aardse lewe in te sluit (2)
- 5.4 **Sirkel**
- Hierdie dans word in 'n sirkel opgevoer wat gebruik word om eenheid onder die deelnemers te bevorder.
 - Hulle maak herhalende bewegings in die sirkel wat hulle help om in 'n beswyming te verval.
 - Dit versterk die uitwerking van die seremonie.
 - Die mans dans in 'n sirkel om die vroue wat ook in 'n sirkel sit.
 - Dit definieer die ruimte. (3)
- Vuur**
- Vuur word as 'n bron van lig gebruik aangesien die dans in die aand opgevoer word.
 - Die vuur word gewoonlik in die middel van die sirkel geplaas waar dit as 'n fokuspunt gebruik word.
 - Hulle maak sirkelpaadjies om die vuur.
 - Vuur simboliseer die lewe. (3)
- Liggaamsversierings**
- Hulle gebruik hooftooisels van vere en horings.
 - Hulle gebruik verf om hulle liggame te versier.
 - Die kostuums vir beide mans- en vrouedansers word van diervel gemaak.
 - Hulle dra voetratels om hulle enkels.
 - 'n Dansstok of jagboog word in een hand vasgehou en die ander hand hou 'n dierstertkwas vas. (3)
- Klank**
- Die vroue klap hande en sing liedjies.
 - Hulle skep ritmiese klanke soos hulle hulle voete stamp en met die voetratels, wat aan hulle enkels vasgemaak is, aanskuif.
 - Die sang help die dansers om aan te hou. (3)
- Plek/Inkleding**
- Die opvoering sal buite plaasvind in hulle tydelike 'kamp' aangesien hulle rondbeweeg om geskikte plekke vir vestiging en jag te vind.
 - Dit is 'n sosiale byeenkoms van die groep – die hele gemeenskap sal teenwoordig wees.
 - Al die lede van die gemeenskap neem deel aan die sang en dans. (3)

- 5.5
- Die dans verander en groei voortdurend. Inheemse elemente word met moderne elemente saamgesmelt wat 'n unieke Suid-Afrikaanse smaak daaraan gee.
 - Indiese danse, Spaanse danse en ballet is deur Afrika-danse beïnvloed en het Afrika-dans-idees en -bewegings in hulle opvoerings ingesluit.
 - Seremoniële dans is aan 'n groter gehoor blootgestel deur die inkorporering daarvan in gewilde danswerke en dit het danschoreografie, bv. Vincent Mantsoe, beïnvloed.
 - Inheemse dansstyle word d.m.v. openbare opvoerings vir toeriste bewaar.
 - Invloed op internasionale verhoë, soos *Lion King*, *IMOJO*, *Kat and the Kings*.
 - Inheemse dansfeeste word regdeur die land gehou, bv. Langa, stamdansfees in KZN, Nama-fees.
 - Die ontwikkeling van gewilde Afrika-danse in die townships, bv. pantsula, kwaito, ens.

(2)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: MUSIEKTEORIE

VRAAG 6

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Musiekterme	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis			√		5		

- 6.1 Hard/Sterk (1)
- 6.2 Baie sag (1)
- 6.3 Stadige grasiouse beweging (1)
- 6.4 Raak geleidelik harder (1)
- 6.5 Vinnig (1)
- [5]**

VRAAG 7

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Musiek/Choreografie	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Toepassing: 7.1	√		√				2
Evaluerig: 7.2							3

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike verduidelikings kan gegee word. Gebruik professionele oordeel wanneer kandidate se werk beoordeel word. As daar afdelings is wat oorvleuel, ken punte dienoreenkomstig toe.

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORD:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

- 7.1
- Hulle kan 'n stuk musiek kies wat tot die gemoedstemming van hul werk bydra deur die inkorporering van die musiek in die werksproses van hulle choreografie. Die musiek sal dan kleur verleen aan die dans, wat die oorhoofse kommunikasie van die dans verdiep. In so 'n geval kan die ritme van die dansfrases verander en aangepas word in plekke wat die musikale struktuur pas.
 - Hulle kan hulle eie musikale partituur skep deur slaginstrumente en stem te gebruik.
 - Hulle kan vokale begeleiding gebruik wat 'n prominente rol in die choreografie kan aanneem.
 - Hulle kan 'n vooraf opgeneemde stuk musiek kies wat dieselfde tyd as die dans gespeel word. Dit kan nou saam met die dans werk of baie min of geen verhouding met die dans hê nie.
 - Hulle kan 'n komponis opdrag gee om 'n musiekpartituur vir die werk te komponeer. Dit sal 'n noue samewerking tussen komponis en choreograaf noodsaak.
- (2)

- 7.2
- Dit betrek die gehoor emosioneel.
 - Dit skep spanning/afwagting.
 - Dit help om die storie te vertel.
 - Dit ondersteun die karakters in hulle rolle.
 - Dit skep 'n spesifieke atmosfeer.
 - Dit beklemtoon sekere afdelings/dele.
 - Dit gee ritmiese struktuur.

(3)
[5]


VRAAG 8

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE					VERMOËNSVLAKKE		
Musikale note/Rustekens	LU1	LU2	LU3	LU4		LAAG	MEDIUM	HOOG
Toepassing			√				6	

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

LET WEL: Daar is 'n verskeidenheid moontlike antwoorde.

- ### 8.1 Rustekens of note:



(3)

8. 2 Rustekens of note:



(3)
[6]

VRAAG 9

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE					VERMOËNSVLAKKE		
Musiekelemente	LU1	LU2	LU3	LU4		LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis			√				4	

- | | |
|--|------------|
| Idiofone produseer hulle eie klank deur vibrasie. | (1) |
| Aërofone produseer klank deur lug in die instrument in te blaas. | (1) |
| Chordofone produseer klank deur snare te pluk. | (1) |
| Membranofone produseer klank deur 'n gestrekte vel te slaan. | (1) |
| | [4] |

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 10

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Spiere/Aksies	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Kennis: 10.1–10.2		√	√		19		

KRITERIA VIR NASIEN:

10.1	Ken 1 punt toe vir elke spier gegee.	(9)
10.2	Ken 1 punt toe vir elke anatomiese aksie/term gegee.	(10)
		[19]

10.1	A	Sternocleidomastoid	(1)
	B	Trapezius	(1)
	C	Deltoïed	(1)
	D	Trisepts Brachii	(1)
	E	Latissimus Dorsi	(1)
	F	Gluteus Maximus	(1)
	G	Dyspiere ('Hamstrings')	(1)
	H	Gastrocnemius	(1)
	I	Soleus	(1)
10.2	10.2.1	Fleksie	(1)
	10.2.2	Ekstensie/Strekking	(1)
	10.2.3	Abduksie	(1)
	10.2.4	Adduksie	(1)
	10.2.5	Rotasie	(1)
	10.2.6	Dorsi-fleksie/Plantaarekstensie	(1)
	10.2.7	Plantaarfleksie/Dorsi-ekstensie	(1)
	10.2.8	Hiperekstensie	(1)
	10.2.9	Eksterne/laterale rotasie/uitwaartse rotasie/uitgedraai	(1)
	10.2.10	Interne/mediale rotasie/inwaartse rotasie/ingedraai	(1)
			[19]

VRAAG 11

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Voorkoming van beserings	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Toepassing		√	√			10	

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike verduidelikings kan gegee word. Gebruik professionele oordeel om die kandidate se antwoorde te assesseer.

KRITERIA VIR NASIEN:

Ken 1 punt vir elke antwoord toe as die kandidaat duidelike verduidelikings gee.

[10]**VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

- Maak seker dat jy klasse wat deur vaardige en oplettende onderwysers aangebied word, gereeld bywoon, sodat jy 'n vaste begrip van die dansstyl ontwikkel.
- Maak seker jy pas die korrekte danstegniek in die klas toe.
- Verstaan die beginsels van jou hoofdansstyl en pas hierdie beginsels in die dansklas toe.
- Ontwikkel jou begrip van hoe jou liggaam werk en werk dan binne die omvang van jou bewegings.
- Verstaan die fiksheidskomponente en pas dit in die klas toe.
- Verstaan goeie houding en inlynstelling en pas dit in die klas toe.
- Studeer by 'n onderwyser wat ondervinding het en ook 'n goeie kennis het van die hoofdansstyl wat sy/hy jou leer.
- Die omgewingstoestand moet voldoende wees om beserings te voorkom. Daar moet 'n geveerde houtvloer wees wat glad is, maar nie glyerig nie. Die temperatuur moet geskik vir dans wees. Die dansruimte moet groot genoeg wees sodat dansers mekaar nie raak/stamp nie. Daar moet nie voorwerpe wees wat sal veroorsaak dat dansers struikel/val nie.
- Volg 'n program waarvolgens jy geleidelik strek voor en na oefening sodat spierspanning sal verminder en om die liggaam vir 'n toename in aktiwiteit sal voorberei.
- Warm reg op voor elke klas.
- Koel af na elke klas.
- Goeie voeding is noodsaaklik vir die voorkoming van beserings en ook vir die heling van beserings.
- Water is een van die noodsaaklike nutriënte van die liggaam. Water reguleer die liggaamstemperatuur. 'n Danser moet ten minste 8 glase water per dag drink, meer as daar lang ure se repetisies of klasse is, aangesien water deur sweet verloor word. Die uitwerking van dehidrasie kan voorkom word deur genoeg water te drink.

[10]

VRAAG 12

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Postuur	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Analise: 12.1–12.2		√	√			6	

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike verduidelikings kan gegee word. Gebruik professionele oordeel om die kandidate se antwoorde te assesseer.

KRITERIA VIR NASIEN:

12.1	Ken 3 punte toe as die kandidaat duidelik kan beskryf hoe goeie postuur, jou dans kan verbeter.	(3)
12.2	Ken 3 punte toe as die kandidaat duidelik kan beskryf hoe om goeie postuur te verbeter en in stand te hou.	(3)
		[6]

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

- 12.1
- Dit help om balans te hou.
 - Dit help om bewegings te beheer.
 - Dit laat lyne en posisies mooi lyk.
 - Dit laat vryheid van beweging toe.
 - Dit versterk maag- en rugspiere.
 - Dit beskerm die ruggraat teen beserings.
 - Dit ontspan die ruggraat en die nek.
 - Dit voorkom beserings.
- (3)
- 12.2
- Verleng die ruggraat, deur die agterkant van die nek en wees bewus van goeie postuur terwyl jy sit/staan/loop/dans.
 - Hou die maagspiere ten alle tye/in die dansklas geaktiveer.
 - Doen kernstabiliteitsopleidingsoefeninge om die bolyf te versterk
 - Hou die skouers gesak en ontspanne
 - Ontspan die nek en kakebeen
 - Vermyn ineen sak van die bolyf
- (3)
[6]

VRAAG 13

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Opwarming	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Analise: 13.1–13.2		√	√			7	

KRITERIA VIR NASIEN:

- | | |
|---|------------|
| • Ken 4 punte toe as die kandidaat 4 duidelike redes gegee het vir 'n dansopwarming. | (4) |
| • Ken 3 punt toe vir wat 'n opwarming moet behels as die kandidaat 3 relevante feite gegee het. Aanvaar oefeninge as dit relevant is. | (3) |
| | [7] |

VOORBEELDE VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

- 13.1
- Jou harttempo neem toe sodat suurstofryke bloed na die spiere gepomp kan word – verhoogde suurstof vir energie.
 - Die suurstof help om die brandstof af te breek vir spieraksie. Die verhoogde bloedvloei help ook om ontslae te raak van afvalprodukte (bv. melksuur wat krampe veroorsaak).
 - Jou liggaamstemperatuur styg, wat die elasticiteit van spiere verhoog en hulle meer soepel maak.
 - Sinoviale vloeistof word uit die sinoviale membraan vrygestel in die gewrigte in, wat hulle smeer en wrywing oorkom.
 - Dit berei jou spiere en gewrigte vir beweging voor.
 - Jy fokus jou verstand op die klas/aktiwiteit waaraan jy gaan deelneem en verwyder ander sake wat nie met dans te make het nie, uit jou gedagtes.
 - Jy begin om te fokus op die manier waarop jy jou liggaam hou en verbeter jou postuur en inlynstelling.
 - Dit voorkom beserings aan spiere/gewrigte – koue, stywe spiere/gewrigte kan verrek word wat tot 'n skade kan lei.
- (4)
- 13.2
- Toename in asemhaling om suurstof in bloed vir energie te verhoog.
 - Jy leer deur herhaling. Herhalende bewegings is nodig om die liggaam op te warm, maar dit kan ook jou vermoë om bewegingspatrone te onthou, beïnvloed.
 - Opwarming moet spesifieke bewegings, wat op die punt staan om uitgevoer te word, insluit om die liggaam voor te berei vir die dans/klas wat volg.
 - Geleidelike vordering van klein na groter bewegings, bv. klein skouerrolwerk en dan groter rolwerk.
 - Maak gebruik van jou asemhalingspatroon aangesien dit help om die liggaam te laat ontspan. Om jou asem op te hou, maak die liggaam gespanne.
 - Hou postuur- en liggaamsinlynstelling reg deur bewegings in die opwarming.
 - As die spiere eers warm is, kan ligte strekoefeninge uitgevoer word om die elasticiteit te verbeter.
- Kandidate kan spesifieke oefeninge gee wanneer die vraag beantwoord word.
- (3)
[7]

VRAAG 14

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Fiksheidskomponente	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Evaluering		√	√				8

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike verduidelikings kan gegee word. Gebruik professionele oordeel om die kandidate se antwoorde te assessseer.

KRITERIA VIR NASIEN:

- Fiksheidskomponente wat die kandidaat kan kies:
 - Buigbaarheid/Soepelheid
 - Krag
 - Kernstabiliteit
 - Neuromuskulêre vaardighede/Balans
 - Sien slegs die eerste twee komponente na as meer gegee word.
 - Ken 1 punt toe vir elke komponent genoem. (2)
 - Ken 3 punte toe vir elke komponent as die kandidaat duidelike verduidelikings gegee het van hoe elke komponent die danser help om die beweging vol te hou. (6)
- [8]**

VOORBEELDE VAN TWEE MOONTLIKE ANTWOORDE:

Kolpunte word gebruik om nasien te vergemaklik.

Spierkrag:

- Spierkrag help die danser om haar liggaam in hierdie posisie te hou, aangesien baie sterk, goed gekondisioneerde spiere nodig sal wees om hierdie beweging, wat swaartekrag teëgaan, te volhou – hierdie soort krag kan slegs bekom word deur gereelde kondisioneringsoefeninge. (1)
- Die danser ondersteun haar liggaamsgewig op haar arms en voet. Die spiere in haar arms/skouers sal baie sterk moet wees om hierdie posisie vol te hou. Sy sal ook krag in haar enkel en bobeen van die ondersteunende been moet hê om haar gewig te onderhou. Spesifieke arm-en-been-/enkeloefeninge sal gedoen moet word voordat sy hierdie posisie kan volhou.
- Sy hou haar werkende been van die vloer af op. Sy het krag nodig in haar adduktors van die werkende been om hierdie posisie te volhou.
- Sy sal baie sterk abdominale en rugspiere moet hê om hierdie posisie en ook haar balans te volhou. Haar kernsterkte sal belangrik wees om hierdie beweging te volhou. (3)

Soepelheid:

- Die danser sal 'n goeie hoeveelheid buigbaarheid/soepelheid moet hê om hierdie beweging uit te voer. Die mate van soepelheid benodig sal slegs deur gereelde strekoefeninge ontwikkel word.
- Die danser gebruik haar bene op 'n manier wat baie soepelheid in die heupe/bobene/enkels vereis.
- Sy gebruik ook haar bolyf op 'n manier wat soepelheid in die skuinsspiere sal vereis om rotasie toe te laat.
- Sy sal moet soepel wees in die skouer/bors om haar elmboë in daardie posisie te strek.
- Soepelheid is belangrik want dit beïnvloed bewegingsgehalte en die danser sal nie die mooi lyne wat sy skep daarsonder kan verkry nie.

(1)

(3)
[8]**VRAAG 15**

FOKUS VAN VRAAG	LEERUITKOMSTE				VERMOËNSVLAKKE		
Stereotipering/Portuurdruk	LU1	LU2	LU3	LU4	LAAG	MEDIUM	HOOG
Komponering		√	√				10

NOTA AAN NASIENERS:

Baie moontlike verduidelikings kan gegee word. Gebruik professionele oordeel om die kandidate se antwoorde te assesser.

KRITERIA VIR NASIEN:

- | | |
|---|-------------|
| • Ken 1 punt toe as die kandidaat 'n titel gee wat die oog vang, geskik vir die tema. 1/2 punt as die titel gegee is, maar niks met die tema te make het nie. | (1) |
| • Ken 3–4 punte toe as die kandidaat algemene stereotipes in dans kan noem/identifiseer. | (3–4) |
| • Ken 4–5 punte toe as die kandidaat kan motiveer hoekom hierdie stereotipes onwaar is en dansers skade aandoen. | (4–5) |
| | [10] |

VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD:**DANSERS IS NIE DOM NIE!!**

Daar is sekere stereotipes in die skoolomgewing wat ongeag voortdurende opvoeding en veranderde waardes steeds algemeen is. Stereotipes kan beledigend wees, wat lei tot gevoelens van lae selfrespek en 'n geterg deur ander.

Hier is van die algemeenste dansstereotipes wat in hierdie skool gesien word en die redes waarom dit nie waar is nie:

Dansers moet maer wees!

Baie dansers, veral vroue, word onder groot druk geplaas om maer te wees. Dis omdat dans 'n visuele kuns is en mense na jou kyk waar jy in 'n styfpassende kostuum optree en dikwels jou figuur beoordeel i.p.v. jou dansvermoë. Dit kom veral in die balletwêreld voor. Hierdie soort druk lei tot baie eetversteurings, soos anorexia nervosa of bulimia. As dit nie opgemerk of behandel word nie, kan dit 'n danser se loopbaan of selfs sy/haar lewe beëindig. Dansers is individue en moet sterk en gesond wees. Die wyse waarop hulle dans, is belangriker as hoe maer hulle is.

Dans is meisieagtig – alle mandsdansers is homoseksueel!

Dansers moet krag hê. Mandsdansers is dikwels sterker en fikser as ander sportmanne. Om emosie d.m.v. jou liggaam uit spreek maak jou nie homoseksueel nie. Dikwels sal die portuurdruk wat op mandsdansers geplaas word hulle dwing om hulle dans, talent en vermoëns op te gee hieroor.

Dans is nie intellektueel uitdagend nie so dit is 'n beter opsie vir studente wat 'nie-akademies' is!

Daar is verskillende tipes intelligensie, maar om goed te doen in enigiets moet mens hard werk en gedissiplineerd wees. Dans het dissipline nodig. Dansers is dikwels hoë presteerders wat uitblink op 'n verskeidenheid akademiese gebiede. Dansers moet in staat wees om gedagtes, liggaam en gees te integreer wat baie uitdagend is. Hierdie tipe stereotipering laat leerders dikwels Dansstudies as vak kies, of hulle word gedruk om die vak te neem omdat hulle dink dis maklik of omdat hulle vertel word dis maklik en dan faal hulle.

Mense met gestremdhede kan nie dans nie!

Dans moet vir almal toeganklik wees en deur kreatiewe onderwys, koöperatiewe leer en 'n onbevooroordeelde benadering kan gestremde mense in die dansomgewing ingesluit word. Daar is reeds professionele dansgeselskappe wat gestremde dansers in diens neem. Baie gestremde mense wat graag wil dans, doen dit nie want hulle is bang dat ander hulle sal spot en ook dat die druk deur ander dansers en medestudente te veel sal wees.

In Suid-Afrika, waar daar soveel kulturele diversiteit is, kan stereotipes vooroordeel skep wat lei tot lae selfbeeld, tergery, aggressie en selfs geweld. Hierdie stereotipes is gewoonlik op ras, geslag en gebrek aan kennis gebaseer.

Laat ons stereotipering in ons skole beëindig en 'n veilige omgewing skep vir alle tipes talent en intelligensie om in te groei en te floreer.

[10]

TOTAAL AFDELING C:	60
GROOTTOTAAL:	150